

Van “alles verloor” gepraat- wanneer het jy regtig alles verloor?

“Hier gaan jy nog alles verloor.” Sulke opmerkings is deesdae nogal gewild in Suid Afrika. Moet egter nie vir een oomblik dink dit is net Suid Afrika wat onveilig is nie. Die res van die wêreld is ook uiters gevaarlik. Jy staan ’n groot kans om hier, maar ook daar alles te verloor. Regtig! Dit is nie ’n grap nie. Jesus self sê so. In Markus 8:34-37 praat Hy padlangs eerlik as Hy sê iewers langs die pad gaan ons elkeen ons lewe verloor. Daarom moet ons betyds een lewensbelangrike keuse maak- ons moet besluit wanneer, en vir wie gaan ons dit gaan verloor. Want ons gaan verseker sterf, almal van ons. Maar genadiglik is daar een opsie, een kans om ’n baie goeie lewe en dood te hê, een met ’n goeie ewige afloop. Dit is wanneer ons kies om ons lewe hier en nou vir Jesus te verloor.

Jesus roep ons op om ons kruis op te tel en Hom te volg. Dan het ons klaar alles verloor - vir Hom. Dan kan die lewe ons niks meer doen nie. Maar as ons nie ons lewe vir Hom verloor nie, gaan ons regtig alles verloor. Dan gaan ons ons siel verloor- of ons nou hier bly, of elders. En dit is ’n reuse verlies. Dit is ewige skade. So het jy al alles verloor- vir Jesus, bedoel ek?

deur Stephan Joubert

Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding

*Bid asb vir Janine Vorster-vir deurbraak in haar gesondheid en vir volkome genesing
Bid asb vir Lottie Conradie-kry baie swaar. Het MS. Bid vir die Here se nabyheid
*Bid asb vir Maria Steyn – vir volkome genesing
*Bid asb vir Oom Sampie Swart – vir nabyheid vd Here. Hy is baie siek
*Bid asb vir Anna Mofokeng-vir volle genesing-het beroete gehad
*Bid asb vir Gert en Magriet du Plooy-vir volkome genesing. Albei ernstig siek
*Bid asb vir Ria Putter – vir volkome genesing
*Bid asb vir JP vd Walt – het longvlies-kanker. Vir volkome genesing.
*Bid asb vir Louise vZyl-vir spoedige herstel na rugoperasie
*Bid asb vir Hennie v Aswegen-vir spoedige herstel
*Bid asb vir John Stapleton-vir beterskap en volle genesing. Het swelling op brein en lê in ICU
*Bid asb vir Ria Loggenberg-vir volle genesing-het gordelroos in haar oog
*Bid asb vir Thea Bosman-sy het kanker
*Bid asb vir Basie Roux – hy het prostaatkanker

Hou **moed** en wees **dapper!**
Moenie **bang** wees nie, moenie vir hulle **skrik** nie, want die HERE julle GOD gaan **saam** met julle. HY sal julle nie in die **steek** laat nie, julle nie **alleen** laat nie.

Deuternomium 31:6

Onthou om te onthou . . .

Datum	“Topic”	Plek
03 Nov 2019	Gemeentefees & Nagmaal NG Kerk	
10 Nov 2019	Kerssangdiens	NG Kerk

Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- Ons is lief vir U! AMEN



Live With
a Grateful Heart
And a
Loving Soul

Gedagte vir die week

MORE SMILING,
LESS WORRYING,
MORE COMPASSION,
LESS JUDGMENT,
MORE BLESSED, LESS
STRESSED, MORE
LOVE, LESS HATE.